higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 2

(2020012)

11 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

484Q1S2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen, tensy by tekeninge anders aangedui is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Produksies of projekte waaraan verskillende mense of organisasies saamwerk.

A Assosiasies
B Samespanning
C Medewerkings
D Versamelings

1.2 'n Volgorde van gebeure wat verfilm is.

A Filmmateriaal
B Posseëlfoto's ('thumbnails')
C Tol ('reel')
D Spoel ('spool')

1.3 Klank is een van die identifiserende elemente van ...

A rekenaarhardeware.
B digitale media.
C gedrukte media.
D multimedia.

1.4 Die tegniek om 'n storie te vertel soos dit op film plaasvind, is ...

A oorklanking.
B vertelling.
C vertaling.
D onderskrifte.

1.5 Animasie is die snelle verandering van stil raampies wat die illusie van ... skep.

A spoed
B kontinuïteit
C kontinue tyd
D beweging

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die hoofverwerkingseenheid in 'n rekenaar	A	evalueer
2.2	'n Reeks geleidelike veranderinge van kleur of donkerte	B	simmetriese balans
2.3	'n Toevoertoestel vir die opneem van klank	C	bluetooth
2.4	Verwyderbare bergingstoestel wat aan 'n PR ('PC') verbind word vir die toevoer of afvoer van data.	D	klem
2.5	Verwys na die mees intense vorm van kleur. Wanneer 'n kleur suiwer is, het dit geen skadu of tint nie; dit is in die helderste vorm	E	mikrofoon
2.6	Om te oordeel; om 'n waarde aan iets toe te ken	F	eksterne
2.7	Draadlose tegnologie wat data oor kort afstande tussen twee elektroniese toestelle kan uitruil	G	gradasies
2.8	'n Stel voorafverpakte instruksies in 'n spesifieke taal wat die gebruiker gebruik om inligting in te voer	H	spektrum
2.9	Die gelyke (of amperse gelyke) verspreiding van visuele gewig	I	golflengte
2.10	'n Manier om 'n mens se oog na 'n spesifieke area te trek	J	sagteware
		K	versadiging
		L	sentrale verwerkingseenheid
		M	oorfone
		N	asimmetriese balans

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Voorraadfotografie ('stock photography'); raming ('framing'); raamwerk; redaksionele fotografie; reflektor; beligting; rou beeldformaat; internet; formaat; stelsel; lensopening; knipselkuns; kompressie; lêer

3.1 Komposisietegniek wat gebruik word om op die onderwerp te fokus.

3.2 Die sirkelvormige opening in 'n lens waarvan die grootte verstel kan word om die hoeveelheid lig te beheer wat die kamera se beeldsensor bereik wanneer 'n foto geneem word.

3.3 'n Versameling foto's wat in 'n fotobiblioteek gestoor word.

3.4 Die data soos dit direk vanaf die LKT af kom waar geen kamera-kompressie gedoen is nie.

3.5 Verwys na die hoeveelheid lig wat die beeldsensor bereik wanneer 'n foto geneem word.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik elk van die volgende begrippe:

4.1.1 Digitale skuiflens

4.1.2 Stillewefotografie

4.1.3 Ontwerpopdrag

4.1.4 LAG (leesalleengeheue)

(4 × 2) (8)

4.2 Goeie dokument-uitleg vereis nie net tipografie om duidelikheid en leesbaarheid te verseker nie.

Gee kortliks DRIE wenke om by die ontwerp van uitlegte in gedagte te hou. (3)

4.3 Pas die historiese kunsbewegings wat deur die beelde in vrae (4.3.1–4.3.2) uitgebeeld word by 'n naam uit die lys hier onder en benoem EEN eienskap van daardie kunsbeweging.

- Neo Dada
- Bauhaus
- Kunsaktivisme
- Futurisme

4.3.1



4.3.2



(2 × 2) (4)

[15]

VRAAG 5

5.1 Identifiseer elk van die materiale in 5.1.1 tot 5.1.5 en lys EEN moontlike manier waarop dit as verpakkingsmateriaal gebruik kan word:

5.1.1



5.1.2



5.1.3



5.1.4



5.1.5



(5 × 2) (10)

5.2 Bekyk die voorbeelde van lettertipes in vrae 5.2.1 tot 5.2.5 vanaf *www.creativemarket.com* en identifiseer die tipografietipe van elk. Staaf jou antwoord.

5.2.1



5.2.2



5.2.3



5.2.4



5.2.5



(5 × 2) (10)

5.3 'n Voorbeeld van die Adobe InDesign CS6-koppelvlak word hier onder aangebied.

Noem die werkskerm-elemente wat 5.3.1 tot 5.3.5 genommer is en verduidelik die gebruik van elkeen.



(5 × 2) (10)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 45

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Bestudeer en evalueer die plakkaat hier onder volgens die evalueringsproses.



Gebruik die VIER stappe hier onder om die plakkaat te evalueer.

Stap 1: Beskryf (1)
Stao 2: Identifiseer elemente (4)
Stap 3: Identifiseer beginsels (4)
Stap 4: Reflekteer (1)

6.2 Die plakkaat het histories 'n belangrike rol gespeel in visuele kommunikasie met betrekking tot politieke en maatskaplike boodskappe.

Deesdae word plakkate nie net gedruk en teen mure opgesit nie, maar word ook digitaal gebruik om gebeurtenisse en idees aanlyn en op sosiale media te bevorder. Kyk na die goeie voorbeelde hier onder:



Jy het opdrag gekry om 'n plakkaat te ontwerp vir 'n niewinsgewende organisasie van jou keuse (byvoorbeeld dierewelsyn, babahemel ('baby haven'), habitat vir mense ('habitats for humanity'), gendergelykheid, omgewingsorganisasie, ens. Die organisasie gaan 'n liefdadigheidskonsert aanbied waarin 'n musikant of orkes (jou keuse) die hoofaanbieding gaan wees.

Sluit die volgende inligting in jou ontwerp in:

- Die naam van die gebeurtenis
- Die inligting oor die gebeurtenis: datum, tyd, venue
- Kontakbesonderhede
- Hoe om kaartjies te koop, kaartjiepryse
- Webadres
- Naam van die hoofoptrede
- Inligting oor die niewinsgewende organisasie wat die konsert aanbied

Teken 'n blok van 20 × 20 cm in jou antwoordboek. Die plakkaat moet vierkantig wees sodat dit maklik via Instagram, Facebook en WhatsApp gedeel kan word. Wees kreatief! Gebruik enige potlode, viltpenne en ander skryfbehoeftes wat jy by jou het om 'n akkurate en interessant ontwerp te skep.

Sluit 'n kort verduideliking in van die kuns- en ontwerpelemente wat jy in jou ontwerp gebruik het. (10)

6.3 Kyk na die voorbeeld van 'n pragtige multimedia-knipsel vir 'n gesonde ontbygraankos met vrugte van Woolworths.



[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=I8OfnMddqJA]

Woolworths het jou as hul nuwe mediabemarkingsontwerper aangestel. Jou eerste projek is om 'n nuwe voedselreeks vir kinders, 'Good Stuff', op sosiale media soos Facebook en Instagram bekend te stel.



Teken 6 rame van 10 × 10 cm in die ANTWOORDBOEK. Die ses rame moet 'n gedeelde gevoel ('look and feel') skep om jou te help om die handelsmerk aanlyn te ontwikkel. Wees kreatief en innoverend in jou ontwerpe. Onthou om die Woolworths- logo in te sluit.

In 'n paragraaf onder jou rame, noem DRIE multimediaelemente wat jy in die multimediasnit sal insluit en verduidelik waarom jy dit gebruik het. (15)

[35]

TOTAAL AFDELING C: 35
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou